

Houtkanon gemaak deur Graaff-Reinet Boere in die vroeë 1800's



SUID-AFRIKAANSE VERENIGING VIR KULTUURGESKIEDENIS KONGRES, LUGMAGMUSEUM, SWARTKOP LUGHAWA, 21 JULIE 2012

DANIEL JACOBS
WEBTUISTE: WWW.GENDATA.CO.ZA
SEL: 0798727699

Houtkanon gemaak deur Graaff-Reinet Boere in die vroeë 1800's

Geagte Voorsitter, vriende.

Dankie vir die geleentheid om vandag met U te kan gesels oor waarskynlik een van die vreemdste en mees komiese verhale in die Suid-Afrikaanse en meer spesifiek die Afrikaner se geskiedenis.



F.W.Reitz

(Bron: J.J. Oberholster e.a. Gedenkalbum van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein, 1954)

Toe daar die eerste keer aan my vertel is dat die Graaff-Reinet Boere tydens die Van Jaarsveld Opstand van 1799 'n houtkanon gemaak het, was my reaksie soortgelyk as diegene aan wie Oud-President F.W. Reitz die storie reeds in die 1800's vertel het. Reitz word in *Die Huisgenoot* van Junie 1918 as volg aangehaal: “Vir jare lank het ek probeer om bevestiging van die verhaal te krij, maar sonder sukses; en vrinde aan wie ek daardie storie vertel het, was blykbaar onder die indruk dat dit maar somaar 'n uit-die-lug-geskepte apokriefie moet wees¹.”

Die Afrikaanse Woordeboek (WAT) gee die volgende definisies van die woord apokrief: “b.n. 1 (Byb) Waarvan die outoriteit, oorsprong verborge, onseker is; nie as eg of gesaghebbend erken nie [en daarom aan die algemene gebruik onttrek]: *Die apokriewe boeke* -in teenstelling met *kanoniek*; vgl. APOKRIEWE 2. Onseker, verdag, onaanneemlik, ongeloofwaardig; 'n *Apokriewe Skeppingsverhaal. Die storie vind ek baie apokrief*, nie sonder meer geloofwaardig nie. 'n *Apokriewe bewering*².”

Waarskynlik een van die belangrikste redes waarom die verhaal nog nie ernstige aandag gekry het nie, is omdat die meeste mense wat daarvan gehoor het, aanvaar het dat dit waarskynlik maar 'n grap is. Dit ten spyte van die feit dat mens tog by die lees van die bekendste weergawes van die verhaal vermoed dat daar heel moontlik waarheid in kan steek. Een tema wat dan ook soos 'n goue draad deur feitlik al die bronne – ook bronne wat ondubbelsinnig bewys dat 'n houtkanon wel gemaak is – loop is die komiese van die hele insident. U sal die komiese aanslag op die verhaal – en hoe kan dit anders – raaksien in feitlik al die bronne wat ek hierna gaan bespreek.

¹ F.W. Reitz: *Ou Gert Houtkanon*, Die Huisgenoot, Julie 1918.

² P.C. Schoonees (Hoofredakteur): *Die Afrikaanse Woordeboek*, Deel 1, bl. 234

GERT HOUTKANON



Skets deur die spotprentekenaar Mynderd Vosloo (Bron: D.M. Jacobs: *Die Vosloos, Nuttige Landsburgers, Deel 1, Die Familiegeskiedenis-hul wel en wee*, Kaapstad, 2003

Hiermee vir eers enkele voorbeelde:

Die 1820 Setlaar Philipps verwys reeds in 1823 in 'n dagboekinskrywing na Barend de Klerk wat een van die kanonmakers was as hy sê "... when he is in Spirits he often talks of their plans and adds with a laugh that he is not quite certain that artillery cannot be made in that way³."

In 1918 sê Rompel-Koopman die volgende oor 'n afstammeling van Gert Vosloo – nog een van die kanonmakers - wat die storie in 1917 aan huis van Mev. Fick van Alexandria aan hulle vertel het:

" 'Wel,' lachte de bezoeker, 'toe vat hulle 'n handvol geweerkoels, hul denk dit sal voldoende

wees en skiet af... Die kanon spat uit mekaar met 'n vreselike knal, dat dit so kraak oor die berge.' "

En dan Mev Fick se reaksie: "Mevr. Fick's zachte mond plooid rond, de putjes in de wangen verdiepten zich, **alles lachte, lachte** om de tekenende vertelling⁴."

Ek kan ook nou nog in my geestesoog sien hoe een van Gert Vosloo se nasate – 'n mediese dokter - in 2003 tydens die bekendstelling van my boek oor die Vosloos onbedaarlik, maar tog beheersd aan die skud-lag gegaan het toe ek na hierdie beroemde voorvader van hom verwys het.

³ A. Keppel-Jones: *Philipps, 1820 Settler*, ble. 197-198

⁴ L. Koopman: *In het Land van Piet Retief*, ble. 19-20

Die komiese van die verhaal is waarskynlik een van die belangrikste redes waarom niemand in die verlede nog gepoog het om 'n ernstige weergawe van die verhaal - wat moontlik in ca 1811 afgespeel het, te skryf nie. Wie wil die risiko loop om sy akademiese geloofwaardigheid met so 'n storie op die spel te plaas?!

Maar ek weet dat selfs by die lees van hierdie ernstige weergawe sal daar nog baie geglimlag word.

Hierdie voordrag van my is dan ook waarskynlik die eerste poging waarin ondubbelsinnig, na ontleding van al die bekende bronne – en veral ook twee minder bekende bronne - oor die saak, tot die gevolgtrekking gekom word dat die Graaff-Reinet Boere sonder enige twyfel 'n houtkanon gebou het. Dit ten spyte van die feit dat mens met die vertel van die storie baie die woorde soos “na bewering, te betwyfel, hoogsonwaarskynlik, waarskynlik en moontlik” gebruik.

Maar hier moet ek nou erken dat ek effens verleë voor U staan. Alhoewel ek sonder enige twyfel kan bewys dat 'n kanon van hout gemaak is, het ek op 'n baie laat stadium met verdere navorsing vasgestel dat dit nie tydens die Van Jaarsveld Opstand kon gewees het nie, maar dat die kanon iewers tussen die Van Jaarsveld Opstand in 1799 en die Slagtersnek Opstand van 1816 gebou moes gewees het, met soos reeds genoem ca 1811 'n moontlike datum.

As ek binnekort aan U gaan verduidelik waarom my onderwerp dus nou moet lees *Houtkanon gemaak deur Graaff-Reinet Boere in die vroeë 1800's* en nie meer *Houtkanon gemaak deur die opstandelinge tydens die Van Jaarsveld-opstand in 1799* soos wat dit op die program verskyn nie, sal U sien dat daar versagte omstandighede is vir die feit dat ek nie vroeër reeds beseft het dat die kanon nie tydens die Van Jaarsveld Opstand gemaak kon gewees het nie. Die nuwe inligting help ook om sekere vrae m.b.t. die plaas van die insident tydens die Van Jaarsveld Opstand op te klaar.

Alhoewel 'n in diepte bestudering van al die bronne wat vroeër bekend was 'n mens tot die gevolgtrekking laat kom het dat die insident tydens die Van Jaarsveld opstand moes plaasgevind het, was daar naamlik aspekte wat moeilik versoen kon word met dit wat bekend is oor die opstand.

Daar is verskeie weergawes van die verhaal. Onder andere twee gepubliseerde verhale wat sonder enige twyfel bewys dat 'n hout kanon wel gebou is. Eerstens is daar die verhaal van F.W. Reitz wat in 1874 in *The Cape Monthly Magazine* verskyn het. Die verhaal is daarna met addisionele inligting weer in *Die Huisgenoot* van Julie 1918 gepubliseer. Laasgenoemde artikel is ook woordeliks in *Die Huisgenoot* van 28 November 1941 geherpubliseer.

Die vertelling van F.W. Reitz is die bekendste vertelling en is die bron van die meeste ander gepubliseerde weergawes van die verhaal asook van die meeste mondelinge oorlewering.

Die tweede belangrike bron is 'n dagboekinskrywing van die 1820 Setlaar leier Thomas Philipps. Sy dagboek is in 1960 gepubliseer deur Arthur Keppel-Jones in 'n boek met die titel *Philipps, 1820 Settler*. Dit is die belangrikste bron wat alle twyfel uit die weg ruim dat die kanon gemaak is. Hierdie bron is egter baie onbekend en waarskynlik die belangrikste rede waarom hierdie poging van my waarskynlik die eerste ernstige poging is om die verhaal op skrif te kry.

Sonder die inligting in hierdie bron sou ek nie die selfvertroue gehad het, om die vreemde verhaal op 'n forum soos hierdie aan te bied nie.

Daar is ook ander relatief belangrike gepubliseerde inligting oor die insident wat bespreek sal word. O.a. inligting wat gepubliseer is in die tyd van die Simboliese Ossewatrek.

Dan is daar ook mondelinge oorlewering wat nie voorkom in enige van die twee belangrikste bronne waarna ek hierbo verwys het nie. Oorlewering wat moontlik die waarheid of elemente van die waarheid kan bevat. Aangesien dit egter nie getoets kan word teen enige van die belangrikste bronne nie, kan ons nie enige vaste afleidings maak m.b.t. die waarheid daarvan al dan nie.

Daar is ook mondelinge oorlewering wat aan my oorgedra is wat sonder enige twyfel die lang sterte is wat mondelinge oorlewering dikwels oor die jare by kry.

TONG-IN-DIE KIES WEERGAWE VAN DIE VERHAAL

Een van die vele tong-in-die kies weergawes wat oor tyd gepubliseer is het in die rubriek *Van Alle Kante*, in *Die Burger* van 1 Januarie 1973 verskyn. Hiermee 'n uittreksel uit die berig: "Suid-Afrika se eerste kanon is nie deur Krygkor gemaak soos Min. PW Botha onlangs bekend gemaak het nie, laat weet ds. Willem du Toit van Graaff-Reinet. Die burgers van die ou Republiek van Graaff-Reinet het die land se eerste kanon gemaak. Ook nie somaar van alledaagse staal nie, maar uit stinkhout. Ongelukkig is die kanon nie in die dorp se museum te vinde nie, want dit het spoorloos verdwyn.

Ds. Du Toit vertel dat die jong republiek besef het hy moet 'n kanon hê om hom te verdedig. Yster was nie te vinde nie, want die republiek had geen hawe om dit in te voer nie. Die naasbeste was toe maar die hardste inheemse materiaal, stinkhout. 'n Reguit stomp is met beitels en bore uitgehol, met verkorte wabande versterk en op 'n wa-as en wiele gemonteer. Agter is 'n gaatjie geboor vir die lont. Die eerste skoot sou gevuur word op 'n groot spekboom teen 'n groot swart rots. Die kanon is opgestel, met 'n goeie lading buskruit gestop, toe 'n klompie stoplappe en toe stukke yster, spykers ens. Die man wat gekies is om die lont aan die brand te steek, was Koos Venter. Dié het blykbaar nie veel vertroue in die houtloop gehad nie, want hy het in 'n loopgraaf gaan lê en met 'n lang bamboesossweep die lont aan die brand gestee.

"Daar was 'n slag soos die dorp nog nooit gehoor het nie, en die bobbejane het op Spandaukop so op loop gesit dat hulle dae later eers weer opgemerk is. Die spekboom was nog daar, maar die kanon was skoonveld. Seker dié dat ons nou weer vir die eerste keer ons eie kanonne maak." (Bron: A. Rossouw: *Van Alle Kante, Die eerste kanon. Die Burger, 1 Januarie 1973*)

Ek gaan ter inleiding die belangrikste bronne se teks volledig gee en dan aanvanklik waar nodig net sekere opmerkings ter opheldering maak m.b.t. die inligting. As al die verskillende bronne se inligting gegee is, sal ek dan poog om 'n evaluasie te doen wat ons as die waarheid en moontlike waarheid kan aanvaar.

BRONNE WAT VERWYS NA DIE MAAK VAN 'N HOUTKANON

Die eerste gepubliseerde weergawe van die verhaal was die van F.W. Reitz wat reeds in 1874 in *The Cape Monthly Magazine* verskyn het in 'n afdeling wat *Boer Stories* genoem is. Die titel van die storie was *How the Boers made a Cannon*. Hiermee 'n volledige transkripsie van die artikel:

“When Breslaar was landdrost of Graaff-Reinet he was very unpopular amongst the people of the district. Upon one occasion, when a large body of farmers had come into the village for the purpose of obtaining a redress of grievances, they showed so much animosity towards him that he deemed it necessary to send to the barracks where a company of Light Dragoons was stationed under Captain Vandeleur, begging the officer to come to his assistance without delay.

Vandeleur who was not anxious to get mixed up in any civil broil, ordered out the cannon, and fired a round of blank cartridge over the heads of the rebels, which demonstration so scared them that they made off as fast as their horses could carry them, nor did they draw rein until they were five or six miles well away from the Dorp.

A consultation was then held, and the conclusion came to that it was all very well fighting the “Red-jackets” with rifles, and such like respectable weapons, but when it came to cannons the match-lock (*Baviaans-bout*) was out of the race. It was unanimously resolved that, before they could hope to have any chance against Breslaar and the big gun, it was absolutely necessary to make a cannon of their own. A committee was, therefore, appointed to manufacture the required artillery, and a day fixed for them to bring up their report. The committee consisted of ingenious and energetic men, who commenced operations at once by procuring a good-sized stinkwood log, which they hollowed out, and then secured it by twisting tightly round it the tires of condemned wagon-wheels. A touch-hole was bored, and lo! The field-battery was ready.

Upon the appointed day the Boers collected from all quarters and in large numbers, for rumours had been flying that the cannon committee had turned off a real masterpiece, and hope rose high in every breast that Breslaar would now be forced to come to terms in spite of Vandeleur, his Light Dragoons, and his heavy gun. Nor were those who came disappointed at the sight that met their longing eyes, for there, mounted on the hind-wheels of a wagon by way of gun carriage, stood the cannon.

Everything looked promising, and it now only remained to fire off the weapon. But here arose an unexpected difficulty. Who was to fire the proof shot? Each looked inquiringly into his neighbour's face, and shook his head as much as to say, “Not if I know it.” At last the matter was resolved by lot, and the honour fell upon Cobus Venter, Senior. A man of considerable resource, and some amount of pluck, who was nevertheless strongly of opinion that the committee should not have left the most important part of their work to be performed by an outsider. However, as the thing had to be done, he got a sort of rifle-pit dug, about forty yards away from the gun. Next, he attached the longest waggon-whip to the tallest bamboo to be found, and having first tied the fuse to the *voorslag*, or extremity of the whip, he fixed it to the cannon in such a way that by pulling the handle of the whip-stick the powder on the touch-hole would ignite.

These preliminaries having been arranged to his satisfaction, Venter got into the hole, and warned the spectators to “clear out”, a hint they were not slow in taking. Cobus then gave a spasmodic tug at the whip, which was immediately followed by a most tremendous crash. After waiting for two or three minutes, he cautiously put his head out of the hole to see how the artillery was looking, but in vain did he stretch his neck; not a vestige of the gun was to be seen; wagon-wheels, stinkwood-log, and all had been blown into space, and when the other Boers came up to the spot they found nothing but old Cobus holding the whipstick at arm's

length, and staring at the fuse in blank amazement. Thus was Bresler saved; and when Captain Hope, of the Royal Artillery, subsequently heard of it, he was so highly pleased with the conduct of the amateur artilleryman that he sent him a present of ten pounds of gunpowder, bearing the address "From Captain Hope, of her Majesty's Artillery, to Bombadier Cobus Venter⁵."



Die eerste deel van die pad is St. John's Straat, Kaapstad. Links is die Rooms Katolieke Kerk sigbaar wat op die hoek van Roelandstraat en St John's straat geleë is. Die standbeeld van Genl. Louis Botha wat voor Tuynhuis staan is regs agter van waar ek die foto geneem het. Reitz het in 1918 genoem dat St John's Straat (hy het daarna verwys as St Jansstraat) op daardie stadium as Hatfield Straat bekendgestaan het. Die boonste gedeelte van die straat, tot by die hoek van Oranje Straat, staan egter vandag as Hatfield Straat bekend. JJ le Sueur wat vir Reitz die storie vertel het oorkant die pad van

In 'n artikel van F.W. Reitz wat in *Die Huisgenoot* van Julie 1918 gepubliseer sê hy dat die storie deur Jacobus le Sueur aan hom vertel is. Hy het op 'n stadium regoor Le Sueur in Hatfield Straat (hy noem ook dat die straat vroeër bekend was as St.-Jansstraat), Kaapstad gewoon en "het die ou man somtijds saans gaan opsoek." Reitz het vanaf Januarie 1868 tot die einde van 1870 in Kaapstad gebly waar hy as advokaat gepraktiseer het⁶.

Hy noem dat Le Sueur tydens die voorval die magistratsklerk in Graaff-Reinet was. Reitz sê dan verder: "Ek het altijd geglo dat daardie storie (al lijk dit meer na 'n grap) moet waar wees, omdat die heer Le Sueur mij verseker het dat hij, as magistratsklerk, self daardie tien pond buskruit ontvang het, en aan die "Bombardier" deurgestuur het."

Die belangrikste bron oor die verhaal is 'n dagboek wat die 1820 Setlaar leier Thomas Philipps gehou het en wat gepubliseer is in Arthur Keppel-Jones se boek *Philipps, 1820*

Settler, Pietermaritzburg, 1960. Die rede waarom dit die belangrikste bron is, is omdat dit die naaste aan die gebeurtenis opgeteken is en dat dit aan Philipps vertel is deur een van die kanonmakers. Die dagboekinskrywing wat op 9 Julie 1823 gemaak is verwys o.a. na 'n besoek wat hy gebring het aan Heemraad Barend Jacobus de Klerk, wat die broer was van Theunis de Klerk wat by Slagtersnek gehang is. Dit lees as volg:

⁵ F.W. Reitz: *Boer Stories, How the Boers made a Cannon* (The Cape Monthly Magazine, 1874)

⁶ F.W. Reitz – Outobiografie. Toegelig deur prof. J.C. Moll met sy Twee en sestig uitgesogte Afrikaanse gedigte. Ingelei deur dr. C.J.S.C. Burger, ble. 18-20

"He is a very fine looking independent fellow, and was one of the Leaders of the Rebels as they were called about 10 years ago. They resolved to put the Government at defiance in consequence of some wrongs. The military were not numerous up there, but those that were had artillery. The Rebels consulted, and determined to have some also. They scooped out a tough tree, De Clerk being a good Smith put on some iron hoop, and when he is in Spirits he often talks of their plans and adds with a laugh that he is not quite certain that artillery cannot be made in that way. The Cannon being completed they began to load it, they had heard of 4 pounders etc. etc, but they resolved to call theirs 9 pounders, and that of course it must have 9 pounds of powder. When loaded, they were all afraid to fire it. At last they hit on the following plan - a hole was dug deep enough for a Man to get into, to this place a train was laid to the Cannon and off it went and of course into a thousand pieces. Before they had time to complete another, they were surprised, several were taken and some hanged, De Clerk's brother for one, and he narrowly escaped, but he has since been a good subject, and he shewed me with pleasure a double barrell'd gun which the Governor gave him⁷."

Hierdie inligting was en is nog steeds hoogswaarskynlik onbekend by feitlik alle historici – akademies en leke - en ek vermoed dat dit die hoofrede is waarom niemand nog 'n ernstige poging aangewend het, om te bewys dat die kern van hierdie vreemde verhaal wel die waarheid is en nie 'n “ uit-die-lug-geskepte apokriefie” of grap nie.

Nog 'n weergawe van Philipps se dagboekinskrywing is reeds in 1828 deur sy suster in Engeland gepubliseer onder die titel *Scenes and Occurrences in Albany and Caffer-Land, South Africa* Hierdie bron werp egter nie nuwe lig op die saak nie. Inteendeel daar is veranderings aan die oorspronklike teks aangebring. Die bestaan van die bron is gevolglik net van kultuurhistoriese belang omdat dit so relatief kort na die insident gepubliseer is.

Volledigheidshalwe hiermee ook 'n transkripsie van die inligting: “De Klerck is a very fine looking independant fellow, and was one of the leaders of the revolt against the English after their first arrival. The military had artillery, and the boors determined they would have some also. They got a tough tree, scooped it out, and bound it with iron hoops. The cannon completed they began to load it. They had heard of four pounders etc but resolved to call theirs nine pounders-and that it must of course be loaded with nine pounds of powder! When loaded they were all afraid to fire it; - at last they hit on the following expedient.-A hole was dug deep enough for a man to get into; to this place a train was laid to the cannon, and of it went, - and into ten thousand pieces. Before they had time to complete another, they were surprised and taken. De Klerck has since been a good subject, and he shows with great pleasure a double barreled gun which the governor gave him.⁸”

Nog 'n belangrike bron wat waarskynlik nie vroeër baie bekend was nie is die *Gedenkboek van die Ossewaens op die pad van Suid-Afrika: Eeufees, 1838-1939*, waarvan Dirk Mostert die outeur was.

Die volgende inligting verskyn in die boek:

“Dis waarskynlik tydens die opstand (*nota: in die voorafgaande gedeelte word die Van Jaarsveld Opstand bespreek*) dat, soos hierlangs algemeen beweerd word, Gert Vosloo 'n

⁷ A. Keppel-Jones: *Philipps, 1820 Settler*, ble. 197-198

⁸ *Scenes and Occurrences in Albany and Caffer-Land, South Africa*, page 114

houtkanon gemaak het. Volgens oorlewering is die bande, waarmee die kanon beslaan was, deur Barend de Klerk gemaak op 'n aambeeld wat aan die leier van hierdie Ossewatrek geskenk sal word vir bewaring in 'n museum. Na vertel word, is die kanon na Graaff-Reinet vervoer en op Spandouskop opgestel met die doel om Graaff-Reinet plat te skiet. Met die eerste skoot het hy egter gebars⁹.

Verder: "Uit hierdie tydperk dagteken die bekende verhaal van die beroemde houtkanon, wat, eienhandig gemaak, die nuwe republiek teen alle aanvallers en gewelddoeners sou beskerm. Maar, helaas, dit het geblyk dat die hout nie teen die drukking van kruit en lood bestand was nie, en met die eerste skoot het die kanon aan flenters gespat. Met daardie skoot is - ek se weer, helaas! - die hoop op die voortbestaan van een van die eerste republieke in Suid-Afrika in die kiem gesmoor; en hoe dikwels is dieselfde hoop nie weer hier verydel nie!¹⁰"

Dan ook: "Na hierdie toespraak het kommandant Danie Scheepers, 'n oudstryder op wie se hoof daar tydens die Vryheidsoorlog 'n prys van £500 gerus het, 'n geskiedkundige ou aambeeld aan die Trek oorhandig. Meer as 100 jaar gelede het hy reeds geklink toe Gert Vosloo en Berend de Klerk in die tydperk van die Van Jaarsveld-opstand die bande van die beroemde houhoutkanon op hom geslaan het. Dit is geskenk deur mnr. Dawid de Klerk, regstreekse afstammeling van die ou De Klerk¹¹.

Die inligting wat hier van groot belang is, is uiteraard die verwysing na Barend de Klerk se aambeeld. Die belang van die inligting m.b.t. die aambeeld wat aan die leier van die Somerset-Oos Wa geskenk is vir bewaring in 'n Museum is dat dit 'n baie geloofwaardige bevestiging is van Philipps se dagboek-inskrywing dat Barend de Klerk as Smit betrokke was by die houtkanonmakery.



Meegaande aambeeld wat in die Museum by die Voortrekkermonument is, is 'n aambeeld wat moontlik die betrokke aambeeld kan wees.

Etta Judson, bestuurder van Museumdienste by die Voortrekkermonument noem dat van die voorwerpe wat tydens die Simboliese Ossewatrek geskenk is, opgeneem is in die versameling van die Nasionale Kultuurhistoriese Museum in Pretoria. Die Voortrekkermonument het hierdie aambeeld op bruikleen van die Nasionale Kultuurhistoriese Museum. Ek kon egter nog

nie met haar bevestig of die aambeeld wel tydens die Simboliese Ossewatrek geskenk is nie. Ek aanvaar dat dit so is, anders sou sy onwaarskynlik vir my die foto gestuur het. Hierdie punt en die moontlike datering van die aambeeld sal nog verder opgevolg word.

Van die belangrikste ander bronne is die volgende:

⁹ D. Mostert: *Gedenkboek van die Ossewaens op die pad van Suid-Afrika: Eufees, 1838-1939*, bl. 103

¹⁰ D. Mostert.: *Gedenkboek van die Ossewaens op die pad van Suid-Afrika: Eufees, 1838-1939*, ble. 258

¹¹ D. Mostert: *Gedenkboek van die Ossewaens op die pad van Suid-Afrika: Eufees, 1838-1939*, ble. 519-520

Reitz noem in die artikel wat in Die Huisgenoot van Julie 1918 verskyn het van 'n brief wat in November 1917 in *Die Burger* verskyn het met opskrif *Mijn Kransje op het Graf van onse ou Jannie*. Onderaan die berig verskyn die volgende: "Hy werd geboren uit so een patriot als 'Ou Gert Houtkanon' en was 'n waardige telg van een waardige voorvader." Dit is die sterfberig van Johan Christiaan Vosloo (1868-1917).

Gerrit Vosloo, wat ook bekend gestaan het as Sterk Gert, is in 1768 gebore en op 21 April 1860 op die ouderdom van 92 jaar 2 maande en 28 dae op die familieplaas, Oukraal, in die distrik Somerset-Oos oorlede. Volgens een van sy nasate, Jan Ernst (1938), wat vandag nog sy perdepramkierie het, moes hy, as 'n mens na die lengte van die kiere kyk, langer as 6'6" (kort duskant die 2m) gewees het. Volgens een van sy nasate, Dr JC Vosloo van Somerset-Oos, besit Paul Erasmus van Somerset-Oos. "die twee man groot langbroek van Gert Houtkanon !"

Geen wonder dat van sy nasate onder name soos "Big Hans" (Johannes Lodewyk - 1878) en "Sterk Jan Vosloo" (Jan Hendrik - 1859) bekend gestaan het nie. John William (1953), oor sy oupa, Big Hans: "Daar word vertel dat hy op 'n dag besig was om 'n perd te beslaan en die perd wou nie stilstaan nie. Hy vererg hom toe en slaan die perd met een vuishou plat." 'n Voormalige Springbok-rugbykaptein en voorry, Hannes Marais, tel ook onder sy nasate.

Reitz noem dat hy vir jare lank probeer het "om bevestiging van die verhaal te krij, maar sonder sukses." Na die lees van die sterfberig van "Onse ou Jannie" dink hy: "Nou's ek op die spoor van daardie gebarste houtkanon!" Hy maak toe kontak met die skrywer van die berig en ontvang op 12 Januarie 1918 die volgende skrywe:

"WelEd. Heer

Als skrywer in *De Burger* van het stukje 'Mijn kranse op het Graf van onze Ou Jannie' is uw brief my ter hand gesteld. Ik haast mij om u te antwoorden. Het verhaal zoals door u verteld is korrek, en ou Gert Vosloo, grootje van de overledene, Jan Vosloo schoolraadsekretaris van Somerset-Oost, was de maker van het kanon. Hij maakte het kanon van hout (van daar 'Ou Gert Houtkanon'), trok daar banden van ijzer om, en stelde het op het kopje ten noordoosten van Graaff-Reinet. Daar was natuurlik toen een klomp boeren bijeen. Bah! ging het eerste schot, maar ver te kort. Daarop was daar een verrader (een uitlander) (naam onbekend), en die ried toen aan om vijf pond kruit tegelyk te laden. It was te veel. Bah! Viel het tweede schot; maar helaas, het kanon was in splinters. Daarop werd 'Ou Gert Houtkanon' in hechtenis genomen, en in blokken gezet. Hij heeft die storie dikwels aan zijn kinders verteld, hoedat toen hij daar in blokken lag, daar een Hottentot-jong bij hem voorbij kwam en tegen hem zeide: 'So ou Gert Vosloo, dan lê jij nou hier.' En toe hij uitkwam ontmoette hij weer diezelfde jong, en maakte korte metten met hem alleen op het veld. 'En ik nam mijn pijp en tabakzak in die ene hand, en sloeg hem met die andere' (zijn eigen woorden). Zijn eigen kinderen zijn al lang dood, en wat wij weten, is maar bij overlevering; maar het bovenstaande is korrek."

Dan voeg Reitz by dat "hij verwijs mij ook na ander mense in Somerset-Oos die mij-volgens sij mening-nog beter sou kan dien met informasie oor daardie insident."

Nog 'n bron is L. Rompel-Koopman se boek *In het land van Piet Retief* wat in 1919 deur De Volkstem, Pretoria gepubliseer is. Die boek handel oor die herinneringe van Johanna Cornelia Fick (gebore Landman) wat 'n dogter was van Willem Landman, broer van die bekende

Voortrekkerleier, Karel Landman. Die skryfster het in 1917 onderhoude met haar gevoer oor o.a. haar herinneringe aan die Groot Trek wat sy as jong kind meegemaak het.



Johannes Arnoldus Vosloo (1799-1865). Hy was die vyfde oudste kind van Gerrit Vosloo (1768-1860)

(Bron: D.M. Jacobs: Die Vosloos, Nuttige Landsburgers, Deel 1, Die Familiageskiedenis-hul wel en wee, ble. 129)

Tydens een van die gesprekke het 'n besoekster van Alexandria haar by hulle gevoeg en “ ‘Zo onder de koffie, terwyl mevr. Fick wat uitrustte, vertelde zij: 'Die twee Botma's wat by Slagtersnek gehang is, was ooms van mij ou-Ma. Sij vertel dat haar vader, Gert Vosloo, een dag 'n kanon uitgedenk het. Die planne was daar al lank om die Engelse uit te skiet, die saak was maar net hoe krij hulle dit reg? Dit was te Graaff Reinets gewees. Die kanon was van hout. Nou was die moeilikheid gewees om uit te vind, hoeveel munisie daarvoor nodig was. Een donker aand dra hulle die kanonnetje uit op 'n kop, hul wil dit perbeer. Hul set een pond kruit in...'

‘Jij weet, mij kind, die kruit was maar altijd in sakkies van een pond...’, viel geheel er in onse gastvrouw bij.

‘Wel,’ lachte de bezoeker, ‘toe vat hulle 'n handvol geweerkoels, hul denk dit sal voldoende wees en skiet af... Die kanon spat uit mekaar met 'n vreselike knal, dat dit so kraak oor die berge.’

Mevr. Fick's zachte mond plooid rond, de putjes in de wangen verdiepten zich, alles lachte, lachte om de tekenende vertelling.

‘Natuurlik sit Gert Vosloo die volgende morre in die blok, somarso openbaar tentoongestel. Daar kom 'n hotnot voorbij, hij draai om en blij vlak voor die blok staan en hij staan en lag met lekkere leedvermaak. ‘So, so Baas Vosloo, sit jij hier?’ Enige tijd later toe Vosloo uit is,

ontmoet hij die hotnot in die veld. Hij wou juis sij pijp aansteek en hij vat sij pijp met die tabaksakkie in die een hand en grijp die hotnot met die ander hand, en hij vertel later dat die hotnot seker voor 'n paar dae die son nie aanskouw het nie¹².’ ”

Volgens die skrywer van die artikel in *Die Burger* met die dood van Johan Christiaan Vosloo in 1917 was al Gerrit Vosloo se kinders op daardie stadium reeds oorlede. Sy jongste dogter Hiletjie Magdalena is in 1813 gebore en sy jongste kind Ferdunantes Adriaan in 1817¹³, so die kans is seker baie goed dat al sy kinders wel teen November 1917 al oorlede sou wees. Die betrokke dame moet dus na haar Ouma verwys het wat 'n dogter van Gerrit Vosloo was.

Dit is ook interessant om daarop te let dat Gerrit Vosloo se tweede vrou, Adriana Elizabeth Welman, die stiefmoeder was van die twee Bothma-broers wat by Slagtersnek gehang is. Haar eerste huwelik was met hulle Pa Cornelis Bothma. Die twee broers was dus nie die

¹² Rompel-Koopman, L.: *In het Land van Piet Retief*, ble. 19-20

¹³ D.M. Jacobs: *Die Vosloos, Nuttige Landsburgers, Deel 2, Die Familieregister*, bl. 138.

“Gert Vosloo die Egte Rebel.”

Hiermee ‘n paar uittreksels uit “Gert Vosloo die Egte Rebel. Blij-eindend Spel in Vijf Bedrijwe deur A.J. Bruwer, B.A.” wat in 1918 verskyn het. Reitz se artikel wat in dieselfde jaar in *Die Huisgenoot* verskyn het moes as inspirasie gedien het.

“Die toneelstukkies word aan mij vrouw opgedra wat self so baje uitgestaan en verloor het in die opstand, teen geweld en oormag, van 1914 - Die Skrijwer

Gert:

Nou ek het die kanon gemaak, dis waar,
En ek moes vlug tesame met Erasmus,
En ons families moet deur ons nou swaarkrij;
Maar als mens vir sij oortuiging swaarkrij,
Dan beteken dit vir hom op sedelik gebied
Verhoging en nog baje roem daarbij

Lena:

Wat is 'n Engelsman ouma? Is hul ook Engeltjies?

Anna:

Nee mij kind, hul is te stout vir Engeltjies:
Hul woon in Engeland daar ver oorkant die see.

Gert:

Maar hoekom kom hul hier na toe ouma?

Anna:

'n Engelsman die steel te graag mij kind;
Als rowers op die see het hul so rijk geword;
Hul roof op see en land en daarom is hul hier;
Hul het ons land gevat en ons verjaag,
Want hulle het ons vrijheid weggevat.”

verteller se Ouma se Ooms nie, maar wel die stiefseuns van hulle Ouma se stiefmoeder. As U hierdie familie-uitleg kan volg!

In 'n boodskap aan die Genforum genealogiese poslys op 14 Maart 2003 het Magda Meyburgh genoem dat Cobus Venter, die man wat na bewering die bombardier was, volgens haar “pa se register en verhaaltjies” Jacob Venter, die negende kind van Pieter en Hester Nel was. Sy noem dat hy gedoop is op 15 Mei 1740 en op 9 November 1766 getrou het met Anna Booijssen¹⁴.

Die volgende mondelinge oorlewering is van 'n meer resente aard en sommige dele daarvan kan nie geverifieer word nie. Ek gee dit hoofsaaklik volledigheidshalwe maar sal ook kortliks aan van dit aandag gee in my finale poging om al die data te evalueer.

Andries Heidenrych Joachim Vosloo (1909) het 'n groot liefde vir die geskiedenis gehad en 'n groot hoeveelheid aantekeninge gemaak oor o.a. die Vosloos se geskiedenis en Slagtersnek. Dr. J.A. Heese het ook by hom gaan kers opsteek met die skrywe van sy boek *Slagtersnek en sy Mense*. Hy is in 1978 oorlede en die aantekeninge is aan ons beskikbaar gestel deur sy seun, Andries (1941).

Volgens hom het die voorval tydens “die burgeropstand op Graaff-Reinet in 1799” plaasgevind. Gert was “'n bekwame wamaker, op die dorpie, maar het ook geboer.” Hy vertel verder hoe die kanon in die geheim gemaak is en gedurende die nag “met behulp van ongeveer 25 burgers” teen Magasynheuvel uitgetrek is. Die res van sy weergawe vertoon baie ooreenkomste met

die ander weergawes. Iets wat hy egter noem wat nie voorkom in die ander weergawes nie, is: “Word vertel dat die opstanders met rou osrieme aan 'n trekking bo-op oop ossewaens vasgemaak was om hulle gewigte en so was hulle vervoer na Kaapstad. Swaar reëns het hulle oorval, met die gevolg dat die rou rieme nat geword het en dan gerek het. As die son warm word krimp die rieme weer, met die gevolg dat die rieme weer hard word en in die

¹⁴ GenForum@yahoogroups.com -Sent: Friday, March 14, 2003 8:14 AM

Ontmoet 'n Houtkanon in lewende lywe!

Met my navorsing vir die Vosloo boek het ek nog 'n interessante stertjie by die Houtkanon-storie van Theunis Gerhardus (1928) ontvang. Voordat ons by sy storie kom, eers iets ter agtergrond. Die Afrikaners het mos die gebruik gehad om die oudste seun na die oupa aan vaderskant te vernoem, die tweede oudste seun na die oupa aan moederskant en indien die pa nog nie vernoem is nie, is die derde seun na die pa vernoem. Die gebruik was verder dat die vierde oudste seun na die pa se oudste broer en die vyfde oudste seun na die ma se oudste broer vernoem is. Daar is egter soms afgewyk van die tradisie en ons weet ook dat waarskynlik die meerderheid Afrikaners nie meer vandag die tradisie volg nie.

Theunis Gerhardus (1928) se oudste broer is dan ook volgens die tradisie Barend Jacobus gedoop, wat die name van hul oupa aan vaderskant was, en die tweede broer is na die moeder se vader vernoem, nl. Jacobus Albertus Botha (1926). Theunis Gerhardus (1928) se pa se naam was egter ook Barend Jacobus met die gevolg dat hy uiteraard nie na sy pa vernoem kon word nie omdat sy oudste broer reeds die name van hul oupa gekry het. Die probleem is as volg opgelos: "My eerste naam dus Theunis, van Theunis de Klerk (van Slagtersnek) broer van my vader se ouma en die tweede naam Gerhardus van Gerhardus Vosloo van die Houtkanon episode te Graaff-Reinet. My bynaam Theunis Houtkanon was getrou deur my familie gehandhaaf en my enigste lewende suster, Sara Johanna du Pisani, noem my vandag nog Houtkanon."

Sy oumagrootjie het nie 'n broer Theunis gehad wat by Slagtersnek betrokke was nie. Sy oumagrootjie was wel die kleindogter van Heemraad Barend Jacobus de Klerk na wie Thomas Philipps in sy dagboekinskrywing verwys as een van die kanonmakers.

(Bron: D.M. Jacobs: Die Vosloos, Nuttige Landsburgers, Deel 1, Die Familiegeskiedenis-hul wel en wee, bl. 113)

gewrigte insny. So word vertel dat Gert Vosloo die merke aan sy gewrigte behou het tot sy afsterwe baie jare later."

Jan Ernst (1938) het die volgende inligting verskaf: "Hy het saam met Van Jaarsveld en Prinsloo aan die opstand te Graaff-Reinet in 1799 deelgeneem, waar die beroemde sogenaamde Houtkanon gebruik was. Bogenoemde drie is tot die dood veroordeel en na die Kasteel te Kaapstad geneem, maar die vonnis is nie voltrek nie.

Hy was op Graaff-Reinet 'n wamaker van beroep, waar hy dan ook die kanon gemaak het. Hierdie kanon is op 'n wa se agterstel gebou, volgens oorlewering uit hout gebou en die loop met wabande versterk. Volgens oorlewering is daar twee skote met die kanon geskiet, die eerste een te vlak, met die tweede skoot het die kanon gebars nadat op aanbeveling van 'n sekere Schoeman 'n kommetjie en 'n half meer kruit as die eerste skoot gebruik was. Gerrit het geglo dat hierdie Schoeman 'n verraaiër was."

Dan is daar ook gepubliseerde oorlewering met hier en daar iets wat geverifieer kan word teen geloofwaardige bronne, maar met die meeste van die inligting sonder enige twyfel lang stertjies.

So is daar met die afsterwe van Jan Ernst Vosloo (1883) in 'n berig in die *Pearston Advocate* van 16 Julie 1932 die volgende gesê: "Die oudste graf (*in Oukraal se begraafplaas*) is die van Mnr. Gert Vosloo, oorgrootvader van die oorledene. Hierdie Mnr. Gert Vosloo was een van die manne wat in 1796 die Republiek van Graaff-Reinet gestig het. Hy was die man wat die houtkanon gemaak het wat op Spandaus Kop geplaas was om die Republiek te beskerm. Helaas het 'n Hollander wat onder die opstandelinge was te veel kruit geneem en so het die kanon gebars. Later moes hulle maar oorgee en alhoewel Mnr. Gert Vosloo en andere vir 'n tydlang aan kettings gelê het, was hulle uiteindelik losgelaat."

By Barend Jacobus (1868) se naam in *Die Nasionale Boek* (die boek bevat kort biografieë van bekende Nasionale Party-lede) verskyn die volgende inligting: "Sy oorgrootvader (*Gerrit, gebore 1768, was sy oupagrootjie*) is in 1761 na Suid-Afrika gekom uit Holland. Gert Vosloo was een van die Houtkanon makers in 1816 op Graaff-Reinet en was vir 12 maande aan 'n ketting geboei vir hoogverraad¹⁵."

Hier is twee mistastings. Gerrit (1768) het nie in 1761 uit Holland na Suid-Afrika gekom nie. Hy was 'n agterkleinkind van die Vosloo-stamvader, baashoutkapper Jan Vosloo wat in ca 1649 in Lippstadt, Duitsland gebore is. Die kanon is soos wat ons later sal sien ook nie tydens die Slagtersnek Opstand gemaak waarna die datum 1816 moet verwys nie. Een moontlike oorsprong van dié verwarring is moontlik Redelinghuys se *Die Afrikaner-Familiënaamboek* waar die volgende opmerking gemaak word: "Onder die Graaff-Reineters was daar 'n burger, Gert Vosloo, wat aan die Slagtersnek-rebellie deelgeneem het. Vir sy aandeel in die opstand is hy tot twaalf maande tronkstraf gevonniss¹⁶."

"In *Die Nasionale Boek* staan by die naam van Lodewyk Johannes (1873), wat ook 'n agterkleinkind van Gerrit was, die volgende: "Sy oor-oor-grootvader, Gerhardus Petrus Vosloo was een van die burgers wat op Swellendam 'n Republiek wou stig." Lodewyk Johannes (1873) was vir baie jare LV vir Somerset-Oos. Sy oor-oor-grootvader was egter Gerrit (1732) wat al in 1782 oorlede is, terwyl die Swellendam Republiek eers in 1795 gestig is¹⁷. Die Gerhardus Petrus Vosloo (dit is onduidelik waarvandaan die tweede naam kom) waarna verwys word, was dus ook heel waarskynlik sy oupagrootjie, Gert Houtkanon, maar soos ons weet, het lg. nie sy naam in Swellendam verwerf nie. Die oorsprong van hierdie inligting is Redelinghuys se *Die Afrikaner-Familiënaamboek*¹⁸.

Laastens is daar ook mondelinge oorlewering met net lang stertjies. Sommige van die honderde Vosloos wat vir ons inligting gestuur het tydens die navorsing vir die Vosloo boek, het as volg verwys na hul familie en die Houtkanonmakery:

"Sover stories betref, was 'n Theuns Vosloo by Graaff-Reinet by die 'Houtkanon', maar kan nie gestaaf word nie."

"Nou vir die waarheid van die volgende kan ek nie instaan nie, maar het dit wel van Oupa gehoor dat GJ Vosloo (gebore 1797) Gert Kanon genoem is as gevolg van Houtkanon wat hy blykbaar by Slagtersnek vervaardig het, maar wat ontplof het toe dit in werking gestel is."

"Daar was 'n sekere Vosloo te Graaff-Reinet wat 'n skrynwerker was gedurende die Anglo-Boereoorlog. Die rebelle het dringend 'n kanon nodig gehad en toe besluit die Vosloo hy sal 'n kanon loop uit 'n harde soort hout maak. Alles het goed afgeloop, maar die dag van skietery was die lading plofstof te sterk vir die kanon en daar ontplof die hele affêre¹⁹."

¹⁵ H. Reitz en H. Oost: *Die Nasionale Boek*, p. 667

¹⁶ J.H. Redelinghuys: *Die Afrikaner-Familiënaamboek*, pp. 286-287

¹⁷ H. Reitz en H. Oost: *Die Nasionale Boek*, p. 667

¹⁸ J.H. Redelinghuys: *Die Afrikaner-Familiënaamboek*, pp. 287

¹⁹ D.M. Jacobs: *Die Vosloos, Nuttige Landsburgers, Deel 1, Die Familiegeskiedenis-hul wel en wee*, ble. 114-117

EVALUASIE VAN DIE INLIGTING

Ons het hierbo gesien dat die twee belangrikste bronne Reitz se artikel in die *Cape Monthly Magazine* van 1874 met enkele belangrike aanvullings in die *Huisgenoot* van Julie 1918 is asook Thomas Philipps se dagboekinskrywing in 1823.

As ons die twee bronne se inligting met mekaar vergelyk en ook na geloofwaardige brokkies inligting uit van die ander bronne kyk kan ons min-of-meer die volgende prentjie opbou m.b.t. die insident.

Wanneer het die insident plaasgevind?

Wat dadelik opval van Philipps se verhaal is dat hy daarna verwys as sou dit plaasgevind het tydens die Slagtersnek Rebelle. Dit is 'n vergissing deur hom. Ons weet naamlik dat Heemraad Barend de Klerk nie aan die Slagtersnek Opstand deelgeneem het nie. Sien o.a. J.A. Heese se deeglik nagevorste werk *Slagtersnek en sy Mense* waarin in detail uiteengesit word dat hy regeringsgesind was tydens die Rebelle.

Heese sê in die verband o.a. die volgende: “Een van die vurigste mense wat nou by Kasteel aangesluit het, was Theunis Christiaan de Klerk, 'n jonger broer van die waardige heemraad, Barend Jacobus de Klerk. Daar was klaarblyklik 'n baie gespanne verhouding tussen die twee broers. By geleentheid het Theunis de Klerk verklaar dat hy selfs sy broer sou skiet as lg. nie aan die opstand meedoen nie.²⁰”

Volgens Reitz se weergawe, gegrond op sy gesprekke met Le Sueur, het die voorval tydens die Van Jaarsveld Opstand plaasgevind. So noem Reitz bv. dat dit in die tyd plaasgevind het toe Bresler Landdros van Graaff-Reinet was en dat dit gebeur het nadat Genl. Vandeleur 'n loskruit kanonskoot oor die koppe van oproerige burgers geskiet het. Beide Bresler en Le Sueur was in Graaff-Reinet tydens die Van Jaarsveld Opstand. Le Sueur het ook aan Reitz genoem dat hy ten tyde van die insident Magistraatsklerk in Graaff-Reinet was en 10 pond buskruit aan Cobus Venter oorhandig het namens Kaptein Hope van die Koninklike Artillerie.

Nadat ons egter vir Le Sueur binne die Le Sueur Geslagsregister geplaas het, het dit duidelik geword, dat hy nie in 1799 al magistraatsklerk in Graaff-Reinet kon gewees het nie. Hy is op 11 Augustus 1793 gedoop. Sy volle voorname was Jacobus Johannes Petrus. Daar word ook genoem dat hy 'n siviele pensionaris was.

Sy Oom was ook 'n Jacobus Johannes le Sueur en is in 1782 gedoop²¹. Ek het aanvanklik gedink dat hy ons man was omdat sy ouderdom hom nie uitsluit van die moontlikheid om in 1799 magistraatsklerk in Graaff-Reinet te kon gewees het nie. Volgens ander bronne was Jacobus le Sueur, magistraat te Worcester, se voorname ook Jacobus Johannes met die gevolg dat ek ook weens sy voorname nie die Jacobus Johannes Petrus wat in 1793 gedoop is oorweeg het as die man wat die storie vir Reitz vertel het nie. Sy Oom Jacobus Johannes le Sueur was ook die enigste Jacobus le Johannes Sueur in die Le Sueur Geslagsregister wat moontlik in 1799 magistraatsklerk in Worcester kon wees.

²⁰ J.A. Heese: *Slagtersnek en sy Mense*, bl. 17

²¹ *SA Geslagsregisters, Volume 12*, ble. 440-441

In *The African Court Calendar* van 1828²² verskyn die naam van JJ le Sueur vir die eerste keer as landdros van Worcester²³.

Jacobus Johannes Petrus is egter sonder enige twyfel die man by wie Reitz die storie gehoor het. Twee van sy dogters is met Van der Byls getroud en in 'n geslagregister van die Van der Byl-familie word genoem dat hy die Magistraat van Worcester was²⁴. Ook in Patricia McMagh se publikasie *Story of the Le Sueur Family and the Le Sueur Genealogy* word genoem hy was "Magistrate in many districts of Cape Colony and Civil Commissioner at Worcester²⁵." Hy en sy vrou doop ook in onderskeidelik 1829 en 1830 twee kinders in Worcester²⁶.



JACOBUS JOHANNES
LE SUEUR
Landdrost of Stellenbosch 1763-1769

**Die Oupa van JJ le Sueur wat die
storie vir FW Reitz vertel**

**(Bron: Fairbridge, D: *Historic Houses of
South Africa*, bl. 110)**

Reitz noem verder ook in sy stuk dat Le Sueur in St Jansstraat, Kaapstad gewoon het. Op sy sterfkennis staan dat hy op 5 September 1873 in die ouderdom van 80 jaar in sy huis te St John Straat gesterf het²⁷.

As Le Sueur op die vroegste teen ouderdom 18 as magistraatsklerk aangestel sou gewees het, sou dit eers in 1811 kon gewees het. *The African Court Calendar* bevat inligting oor die amptenare van die landdroskantore. Vir die periode 1811-1820 verskyn sy naam nie as 'n klerk by die landdroskantoor van Graaff-Reinet nie. So bv. was O.G. Stockenström in 1812 die "Clerk to Landdrost"²⁸.

Wat egter interessant is, is dat ene J.H. Fischer vanaf 1813-1815²⁹ die landdros van Graaff-Reinet was met Andries Stockenström wat in 1816³⁰ by hom oorgeneem het. Vanaf 1816 tot ten minste 1822 was J.H. Fischer weer die landdros van Tulbagh³¹. Hierdie J.H. Fischer moes Le Sueur se skoonpa gewees het. Hy het naamlik op 26 April 1821 in Tulbagh getrou met Rijke Catharina Arnoldina (gedoop 29.3.1801) wat die dogter was van Johannes Hendricus Fischer³². Daar is geen ander J.H. Fischer in die Fischer-geslagsregister wat moontlik van 1813-1815 landdros van Graaff-

²² *The African Court Calendar* 1828, page 19.

²³ Sy Oupa was ook op 'n stadium die landdros van Stellenbosch en sy seun die landdros van Humansdorp. Die Le Sueur stamvader was 'n predikant.

²⁴ J. Van der Bijl: *Van der Bijl 1667-1967*, bl. 40

²⁵ P. McMagh: *Story of the Le Sueur Family and the Le Sueur Genealogy*, bl. 65.

²⁶ *SA Geslagsregisters, Volume 12*, ble. 440-441

²⁷ MOOC 6/9/144 Nr. 9678

²⁸ *The African Court Calendar* 1812.

²⁹ *The African Court Calendar* 1813; *The African Court Calendar* 1814 and *The African Court Calendar* 1815

³⁰ *The African Court Calendar* 1816

³¹ *The African Court Calendar* 1816-1822

³² *SA Geslagsregisters, Deel 2*, bl. 310.

Reinet en vanaf 1816 tot ten minste 1822 landdros van Tulbagh kon gewees het nie. Le Sueur het dus moontlik 'n ander pos in die landdroskantoor van Graaff-Reinet bekleed en in die tyd ook die landdros se dogter leer ken. Hulle eerste kind is ook in 1822 in Uitenhage gedoop. In 1822 was JJ le Sueur die “Secretary and Vendue Master” vir die Distrik van Albanië³³. Dit plaas hom dus in 1822 – nie te ver van 1811 die vroegste datum waarop hy 'n pos in die landdroskantoor van Graaff-Reinet kon bekleed het- ook in die Oos-Kaap.

Let ook daarop dat Reitz nie in die artikel van 1874 genoem het dat sy bron Jacobus le Sueur oud-landdros van Worcester was nie. Dit was omdat Le Sueur in 1873 gesterf het en hy waarskynlik uit respek vir Le Sueur se nagedagtenis nie hierdie vreemde storie wat baie van sy vriende as 'n “uit-die-lug-geskepte apokriefie” beskou het, so kort na sy dood aan Le Sueur as bron daarvan wou koppel nie. Hy doen dit eers ongeveer 45 jaar later en kon hom op daardie stadium al vergis het met die amp wat Le Sueur in Graaff-Reinet se landdroskantoor bekleed het.

Reitz moes dus 'n aanname gemaak het dat die houtkanon tydens die Van Jaarsveld Opstand gemaak is. Op grond van die feit dat Le Sueur op die vroegste in 1809 - as hy reeds op ouderdom 16 deur die staat in diens sou geneem gewees het – as “Magistraatsklerk” die 10 pond kruit aan Cobus Venter kon oorhandig het, plaas die gebeure dan op die vroegste in 1809 en meer waarskynlik vanaf 1811 maar nie later as 1815 nie en dan ook nie tydens die Slagtersnek Rebelle nie.

Ons het naamlik reeds hierbo genoem dat Barend de Klerk tydens die Slagtersnek Opstand van 1815-1816 regeringsgesind was en op grond van Philipps se dagboekinskrywing was hy ook sonder enige twyfel by die houtkanonmakery betrokke.

Patricia Mcmogh haal 'n berig aan in haar publikasie *Epilogue to the Story of the Le Sueur Family and the Le Sueur Genealogy* wat op 6 Augustus 1873 na Le Sueur se dood in die *Cape Argus* verskyn het.

As die persoon wat die berig geskryf het 'n getroue beskrywing van Le Sueur se karakter gegee het, is hierdie berig 'n verdere bevestiging van die betroubaarheid van Le Sueur as getuie van die gebeurtenis. Die skrywer sê o.a.: “We very much regret to announce the death yesterday afternoon of J.J. le Sueur Esq. of St John's Street, one of the most venerable and esteemed of our retired civil servants. For many years he was the Civil Commissioner of Worcester, in which he was succeeded by Captain Rainier, and later by Mr. Cox. Mr. le Sueur was a perfect type of one of the



Le Sueur Straat in Worcester moet na JJ le Sueur vernoem wees. Die enigste plek in die straat waar die naam aangedui word is op hierdie besigheid se bord waar die Oud-landdros se van verkeerd gespeld is.

³³ *The African Court Calendar 1822*

best of our old Colonial families³⁴.”

Ons het gesien dat Magda Meyburgh se Pa die bombardier Cobus Venter Senior genealogies geïdentifiseer het. Sy het genoem dat Cobus Venter volgens haar “pa se register en verhaaltjies” Jacob Venter, die negende kind van Pieter en Hester Nel was. Sy noem dat hy gedoop is op 15 Mei 1740 en op 9 November 1766 getrou het met Anna Booijsen³⁵.

Jacob Venter en Anna Booyesen se gesamentlike testament is op 20 Desember 1815 by die Weeskamer in Kaapstad geregistreer³⁶. Anna Booyesen se twee testamente en inventaris is op 2 November 1820 geregistreer. Dus moet dit Jacob Venter wees wat voor 20 Desember 1815 oorlede is³⁷.

Die Slagtersnek Opstand het na 10 Oktober 1815, toe Freek Bezuidenhout doodgeskiet is, plaasgevind. Die eerste rebelle het al op 18 Oktober oorgegee³⁸. Die verhoor het op 15 Desember 1815 begin³⁹. Venter kon nog tydens die Rebelle geleef het, maar ek vermoed hy moes al voor of op die vroegste om-en-by 10 Oktober van daardie jaar gesterf het. Ek weet nie gemiddeld hoe lank na 'n sterfte 'n testament in daardie tyd by die Weeskamer geregistreer is nie. Wat ek wel weet is dat dit nie binne 'n week of drie/vier na die sterfte was nie. Vir 'n buite-distrik soos Graaff-Reinet sou dit in daardie tyd van relatief stadige vervoer uiteraard ook langer gewees het as vir 'n sterfte in 'n distrik nader aan Kaapstad.

Jacob se vrou Anna se inventaris is op 16 Junie 1820 deur veldkornet Roelof van der Merwe, van die veldkornetskap van Bosjesveld, opgestel en haar testamente en inventaris is soos wat ons reeds gesien het op 2 November 1820 eers geregistreer. Dus ongeveer 4 ½ maande na die opstel van haar inventaris wat kort na haar dood gedoen sou gewees het. Volgens *The African Court Calendar* van 1820 was R van der Merwe die veldkornet van Voorste Bosjesveld in die Tulbagh Distrik⁴⁰. Tulbagh was uiteraard nader aan Kaapstad as Graaff-Reinet en sou 'n testament waarskynlik vinniger geregistreer gewees het as een van 'n inwoner van die Graaff-Reinet distrik. Ek sal nog verdere navorsing in die verband onderneem.

Die moontlikheid dat hierdie Jacob Venter wel die bombardier was, word versterk deur die feit dat 'n dogter van hom, Wilhelmina Christina Venter (gedoop 1774) getroud was met Nicolaas Vosloo (gedoop 1771) wat 'n jonger broer van Gerrit Vosloo was⁴¹. 'n Bewys watter belangrike rol die vasstel van familieverbintnisse m.b.v. genealogiese navorsing kan speel om antwoorde te help kry op historiese vrae.

Dit is ook interessant om daarop te let dat met die opstel van die egpaar se gesamentlike testament op 26 Augustus 1805 na hulle verwys word as "...den Burger Jacob Venter en Anna Booijsen beide van dezen Uithoek geboortig en onder het district van Stellenbosch woonachtig, Echtlieden..."⁴² As Jacobus dan wel die bombardier was, sou hy minder waarskynlik tydens

³⁴ P. Mcmogh: *Epilogue to the Story of the Le Sueur Family and the Le Sueur Genealogy*, bl. 9

³⁵ GenForum@yahoo.com-Sent: Friday, March 14, 2003 8:14 AM

³⁶ MOOC 7/1/71 No 34

³⁷ MOOC 7/1/83 No 4, 5 en 6

³⁸ J.A. Heese: *Slagtersnek en sy Mense*, bl. 26

³⁹ J.A. Heese: *Slagtersnek en sy Mense*, bl. 31

⁴⁰ *The African Court Calendar 1820*

⁴¹ D.M. Jacobs: *Die Vosloos, Nuttige Landsburgers, Deel 2, Die Familieregister*, bl. 143

⁴² MOOC 7/1/71 No 34

die Vanjaarsveld Opstand in 1799 by die insident betrokke gewees het, omdat hy in 1805 in die Stellenbosch distrik woonagtig was en waarskynlik nog aan trek was na die Oos-Kaap.

Soos reeds genoem was my eerste kennisname met die houtkanonmakery toe ek besig was met navorsing vir die boek wat ek oor die Vosloo familie geskryf het. Ek het genoem dat verskeie Vosloos vir my vertel het van Gerrit Vosloo (1768-1860) wat dan die kanon sou gemaak het en het ook van hulle vertellings hierbo aangehaal. Ons kon ook geen inligting opspoor wat daarop dui dat Gerrit Vosloo aan die Slagtersnek Opstand deelgeneem het nie. O.a. ook nie Heese verwys in *Slagtersnek en sy Mense* na sy betrokkeheid nie. Dan het Jan Ernst Vosloo (1938) ook aan my genoem dat hy aan sy mede grensboere sou gesê het: “Die Engelse is nie die Hollanders nie, hulle sal vir julle hang.”

Die feit dat ook Gerrit Vosloo dan hoogsonwaarskynlik aan die Slagtersnek Rebelle deelgeneem het, is nog 'n aanduiding dat Philipps se inligting verkeerd moet wees. Philipps wat op 29 April 1820 in Algoabaai geland het, het waarskynlik teen 9 Julie 1823⁴³ toe hy die inskrywing in sy dagboek gemaak het, nog nie so 'n in diepte kennis gehad van sy nuwe Vaderland se geskiedenis nie en omdat die Slagtersnek Opstand in 1815 plaasgevind het, meer kennis daarvan gedra as van die vroeëre geskiedenis van die Kaapkolonie.

J.A. Heese verwys na Philipps se weergawe in sy boek *Slagtersnek en sy Mense* sonder om te noem dat Philipps gesê het dat die insident tydens die Slagtersnek Rebelle plaasgevind het. Hy verklaar bloot dat die insident dateer uit die tyd van die Van Jaarsveld Opstand. Ek haal aan: “Hoe eienaardig dit ook mag klink, die heemraad het ook sy wilde dae gehad. Hy was een van die voorperde toe Adriaan van Jaarsveld in 1799 deur die burgers bevry is. Saam met Gerrit Vosloo (Gerrit Houtkanon) het hy 'n houtkanon gebou om daarmee die kaserne in Graaff-Reinet te vernietig.”

Heese se aanname dat die insident dan tydens die Van Jaarsveld Opstand moes plaasgevind het, sal ook gegrond wees op Reitz se vertelling.

Dit is ook interessant om daarop te let dat Bresler reeds aan die einde van September 1802 vanaf Graaff-Reinet na Kaapstad teruggekeer het⁴⁴ en Vandeleur in ongeveer dieselfde tyd vanaf Algoabaai na Kaapstad⁴⁵. In 1802 was Le Sueur ongeveer 9 jaar oud.

Met my navorsing vir die Vosloo boek was daar sekere feite wat dit moeilik gemaak het om die insident met die gebeure van die Van Jaarsveld Opstand te kon versoen. Daar is bv. net een insident bekend waartydens die opstandelinge met geweld in Graaff-Reinet gedreig het. Dit was op 17 Februarie 1799 toe hulle dit oorweeg het om vir Bresler te ontvoer. Vandeleur, wat dan volgens Reitz se verhaal 'n loskruit kanon skoot oor die koppe van die opstandelinge sou gevuur het, waarna hulle sou besluit het om ook vir hulle 'n kanon te gaan bou, was egter toe nog nie in Graaff-Reinet nie. Hy het eers op 19 Maart daar aangekom. Op daardie stadium het die Opstand al begin stoom verloor. Van Jaarsveld het reeds voordat Vandeleur gearriveer het aangebied om terreg te staan op die aanklag teen hom wat die vonk was wat die Opstand aangesteek het. Hy het naamlik agtergekom dat daar nie baie steun vir 'n opstand was nie.

⁴³ M.D. Nash: *The Settler Handbook. A new list of 1820 settlers*, bl. 105

⁴⁴ W.J. De Kock (hoofredakteur): *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, Deel 2*, bl. 89

⁴⁵ W.J. De Kock (hoofredakteur): *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, Deel 2*, bl. 89

Die feit dat nie enige van die bekende houtkanon-belhamels, as leiers van die 1799 Rebelle in hegtenis geneem is en in Kaapstad verhoor is nie, het ook gepla.

Prof. Herman Giliomee, bekende politieke analis het navorsing gedoen oor die Eerste Britse Bewind (1795-1803) en ek het tydens my navorsing oor die Vosloos na sy boek *Die Kaap tydens die Eerste Britse Bewind* gekyk om te sien of hy nie dalk vir ons kon lig werp op die saak nie.

Giliomee het nie in sy navorsing na die maak van 'n Houtkanon verwys nie. 'n Mens sou ver wag het dat dit tydens die verhoor van die opstandelinge sou uitgekóm het.

Ek was oortuig dat as daar dokumentêre bewyse was, Giliomee in sy navorsing oor die Eerste Britse Bewind, navorsing wat hy vir sy doktorsgraad in geskiedenis onderneem het, hoogs waarskynlik daarop sou afgekóm het. Gegewe dan ook die ongelooflike nuuswaardigheid van die voorval sou hy verseker daarvan melding gemaak het.

Ek het toe 'n afskrif van my weergawe van die storie aan hom gestuur en sy kommentaar gevra. Hy het bevestig dat hy nie met sy navorsing enige verwysings na die kanonmakery teengekóm het nie.

Hy het genoem dat 'n moontlike verklaring waarom daar nie na die voorval verwys word in amptelike dokumente nie, was dat die dokumente waarin melding gemaak is van die storie nie behou gebly het nie. Hy het bv. genoem dat daar in die 1780s 'n groot konflik tussen die grensboere en die Xhosas was waarvoor ook feitlik niks in beskikbare bronne gerapporteer word nie.

Die rede waarom daar nie inligting in die bronne van 1799 gevind kon word nie, is egter omdat soos wat ek reeds hierbo genoem het, die kanon nie tydens die opstand gemaak is nie.

In die periode 1811-1815 het ook die Vierde Grensoorlog in vroeg 1812 uitgebreek. Cradock se voorganger, Caledon, het in 1809 vir Collins na die oosgrens gestuur om ondersoek in te stel. Collins het voorgestel dat die Xhosas oor die Visrivier verdryf word en dat 'n digte Engelse bevolking op die grens gevestig moet word. Die Minister van Kolonies wou o.m. weens die Napoleontiese Oorloë wat in daardie stadium aan die gang was, nie toestemming gee vir so 'n veldtog nie. Caledon is ook gelas om 'n versoeningsbeleid te volg en hy het derhalwe opdrag gegee dat geen kommando's op die been gebring mag word nie en dat die grensboere net uit noodweer op die Xhosas mag vuur. Cuyler, die Landdros van Uitenhage, het in hierdie stadium gewaarsku dat die grensboere afvallig kon raak van die Britse bewind.

Met Cradock se bewindsoorname het Caledon teenoor hom erken dat sy versoeningsbeleid met die Xhosas misluk het en het hy aktiewer optrede aanbeveel. Cradock het gevolglik vir Lt. kol. John Graham met 1 000 troepe opdrag gegee om die 20 000 Xhosas terug te dryf oor die Visrivier. Dit het die hele Suurveld oopgestel vir Blanke vestiging. Ten einde die grens te handhaaf is 17 militêre poste opgerig, wat versterk sou word deur patrollies. Die dorpe Grahamstad en Cradock is ook in dié tyd as garnisoendorpe gestig⁴⁶.

⁴⁶ D.M. Jacobs: *Die Vosloos, Nuttige Landsburgers, Deel 1, Die Familiegeskiedenis-hul wel en wee*, ble. 114-117

Dit is dus moontlik dat die voorval plaasgevind het in die tyd toe Cuyler sy waarskuwing uitgereik het. Ek sal mettertyd in diepte navorsing in oorspronklike bronne vir daardie periode onderneem om te kyk of daar nie dalk inligting oor die insident opgespoor kan word nie.

Waarvan is die kanon gemaak

Beide Reitz en Philipps noem dat die kanon van hout gemaak is wat met yster ringe versterk is.

Reitz: "...procuring a good-sized stinkwood log, which they hollowed out, and then secured it by twisting tightly round it the tires of condemned wagon-wheels⁴⁷"

Philipps: " They scooped out a tough tree, De Clerk being a good Smith put on some iron hoop⁴⁸."

Wie het die Kanon gemaak?

Volgens mondelinge oorlewering wat ek ontvang het met my navorsing vir die Vosloo boek, was daar net een houtkanon maker en dit was Gerrit Vosloo. Daar word bv. ook op 'n gedenknaald wat deur sy nasate by sy graf op Oukraal in die Somerset-Oos-distrik opgerig is, na hom verwys as Die Houtkanonmaker.

Reitz sê egter: "A committee was, therefore, appointed to manufacture the required artillery⁴⁹."

Philipps sê: "They scooped out a tough tree, De Clerk being a good Smith put on some iron hoop⁵⁰."

Beide bronne sê dus dat daar meer as een kanonmaker was en dan voeg Philipps by dat Barend De Klerk die kanon met yster versterk het.

Ons het ook gesien dat een van Barend de Klerk se nasate tydens die Simboliese Ossewatrek van 1938 die aambeeld wat gebruik is tydens die maak van die kanon aan die leier van die Somerset-Oos Wa oorhandig het. Dit is nog 'n verdere baie geloofwaardige bevestiging van De Klerk se betrokkenheid by die bou van die kanon.

Op grond van die groot hoeveelheid mondelinge oorlewering kan ons aanvaar dat Gerrit Vosloo ook feitlik verseker by die kanonmakery betrokke was.

Veral van die inligting in die brief wat Reitz in sy artikel in *Die Huisgenoot* van Julie 1918 aanhaal, is sterk getuigenis dat hy wel betrokke was by die maak van die kanon. Die persoon sê o.a.: "Het verhaal zoals door u verteld is korrek, en ou Gert Vosloo, grootje van de overledene, Jan Vosloo schoolraadsekretaris van Somerset-Oost, was de maker van het kanon...Zijn eigen kinderen zijn al lang dood, en wat wij weten, is maar bij overlevering; maar

⁴⁷ F.W. Reitz.: *Boer Stories, How the Boers made a Cannon* (The Cape Monthly Magazine, 1874)

⁴⁸ A. Keppel-Jones: *Philipps, 1820 Settler*, ble. 197-198

⁴⁹ Reitz, F.W.: *Boer Stories, How the Boers made a Cannon* (The Cape Monthly Magazine, 1874)

⁵⁰ A. Keppel-Jones: *Philipps, 1820 Settler*, ble. 197-198

het bovenstaande is korrek." Dan voeg Reitz by dat "hij verwys mij ook na ander mense in Somerset-Oos die mij-volgens sij mening-nog beter sou kan dien met informasie oor daardie insident."

Ons het reeds gesien dat Gerrit Vosloo wat in 1768 gebore is, eers in 1860 oorlede is. Al sy kinders was reeds in 1918 oorlede, maar enkele van sy kleinkinders het nog geleef. Van hulle sou dus nog kon getuig het daarvan dat hul ouers of hul oupa self vir hulle vertel het van sy betrokkenheid by die kanonmakery.

Wie was die bombardier?

Cobus Venter – of dan volgens Magda Meyburgh Jacob Venter wat met Anna Booysen getroud was - is die enigste man wat daarop aanspraak maak om die bombardier te wees. Reitz maak in die artikel wat in *Die Huisgenoot* van Junie 1918 verskyn het die opmerking dat Gert Vosloo en nie Cobus Venter nie die bombardier was. Dit na aanleiding van die inligting van die skrywer van die koerantberig *Mijn Kransje op die Graf van Onse ou Jannie* wat in November 1917 in *Die Burger* verskyn het en die daaropvolgende brief wat hy van die persoon ontvang het. Dit is is egter 'n foutiewe afleiding omdat die artikelskrywer slegs daarna verwys dat Gert Vosloo die kanon gemaak het⁵¹.

Hoe is te werk gegaan met die afvuur van die kanon?

Reitz: "However, as the thing had to be done, he got a sort of rifle-pit dug, about forty yards away from the gun. Next, he attached the longest waggon-whip to the tallest bamboo to be found, and having first tied the fuse to the *voorslag*, or extremity of the whip, he fixed it to the cannon in such a way that by pulling the handle of the whip-stick the powder on the touch-hole would ignite.

These preliminaries having been arranged to his satisfaction, Venter got into the hole, and warned the spectators to "clear out", a hint they were not slow in taking. Cobus then gave a spasmodic tug at the whip , which was immediately followed by a most tremendous crash⁵²."

Philipps: "At last they hit on the following plan - a hole was dug deep enough for a Man to get into, to this place a train was laid to the Cannon and off it went and of course into a thousand pieces⁵³."

Die "train" waarna verwys word het moontlik betrekking op die "train" waarna in die volgende aanhaling verwys word: "The gun was kept from running out of itself with the roll of the ship by a tackle, called a train or preventer tackle, which was hooked to an iron ring-bolt in midships, and to a hook directly below the breech of the gun. When not in action the guns were hauled close up to the ship's side by means of the side-tackles. The two parts of the breeching were then lashed together, to allow no possible play to the piece.⁵⁴"

⁵¹ F.W. Reitz: *Ou Gert Houtkanon*, Die Huisgenoot, Julie 1918.

⁵² Reitz, F.W.: *Boer Stories, How the Boers made a Cannon* (The Cape Monthly Magazine, 1874)

⁵³ A. Keppel-Jones: *Philipps, 1820 Settler*, ble. 197-198

⁵⁴ <http://www.aboutnelson.co.uk/35armaments.htm>

Hoe om die twee weergawes van hoe hoe daar met die kanon geskiet is te versoen met mekaar weet ek egter nie.

Al wat met sekerheid gesê kan word, is dat die bombardier in 'n gat wat 'n hele entjie van die kanon af was gesit het toe die skoot geskiet is.

Wat was die uiteinde van die kanon?

Alhoewel baie van die ander bronne verwys na meer as een skoot wat afgeskiet is, verwys die twee belangrikste bronne net na een skoot wat die kanon laat disintegreer het.

Dit is interessant om die verskillende grootte ladings wat gebruik sou gewees met mekaar te vergelyk. So praat Philipps bv. van 'n “9 pounder”⁵⁵, terwyl die dame wie se verhaal Rempel-Koopman opgeteken het, weer noem dat een pond kruit die kanon in stukke laat spat het.

Dit is ook interessant om te sien hoe verskeie van die minder belangrike bronne verwys na 'n verraaier wat die projek laat skipbreuk lei het. Die kans is seker baie goed dat dit van alle waarheid ontbloot is.

Al wat met sekerheid en 'n redelike mate van sekerheid gesê kan word, is dat die Graaff-Reinet Boere:

- a. Voor die Slagtersnek Opstand en waarskynlik nie vroeër nie as 1811 'n kanon van hout gemaak het, wat met yster bande versterk is
- b. dat Barend de Klerk een van die bouers was, dat Gerrit Vosloo waarskynlik ook gehelp het met die bou van die kanon en dat 'n Cobus Venter die bombardier was.
- c. Dat Cobus Venter 'n hele ent van die kanon af in 'n gat gesit het toe hy die kanon gevuur het en dat die kanon met waarskynlik die afvuur van die enigste skoot gedisentigreer het.

Daniel Jacobs - www.gendata.co.za

6 Augustus 2012

⁵⁵ A. Keppel-Jones: *Philipps, 1820 Settler*, ble. 197-198

BIBLIOGRAFIE

Literatuur

- Author Unknown: *Scenes and Occurrences in Albany and Caffer-Land, South Africa*, J Cross, 1828
- Bruwer, A.J.: *Gert Vosloo die Egte Rebel. Blij-eindend Spel in Vijf Bedrijwe*, De Nationale Pers, Beperkt, Drukkers en Uitgewers, 30 Keeromstraat, Kaapstad-7070, 1918
- De Kock, W.J. (hoofredakteur): *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, Deel 2*, RGN, 1972
- Fairbridge, D: *Historic Houses of South Africa*, Cape Town, 1922
- Heese, J.A.: *Slagtersnek en sy Mense*, Tafelberg Uitgewers, 1973
- Heese, J.A.: SA Geslagsregisters, Deel 2, RGN, 1989.
- Jacobs, DM: *Die Vosloos, Nuttige Landsburgers, Deel 1, Die Familiegeskiedenis-hul wel en wee*, Kaapstad, 2003
- Jacobs, DM: *Die Vosloos, Nuttige Landsburgers, Deel 2, Die Familieregister*, Kaapstad, 2003.
- Keppel-Jones, A: *Philipps, 1820 Settler*, Pietermaritzburg, 1960
- Mcmagh, P.: *Story of the Le Sueur Family and the Le Sueur Genealogy*, Cape Town, 1989
- Mcmagh, P.: *Epilogue to the Story of the Le Sueur Family and the Le Sueur Genealogy*, Cape Town, 1989
- Mostert, D.: *Gedenkboek van die Ossewaens op die pad van Suid-Afrika: Eeufees, 1838-1939*, ATKV, 1940
- Nash, M.D.: *The Settler Handbook. A new list of 1820 Settlers*, Chameleon Press, 1987
- Oberholster, J.J. (e.a.): *Gedenkalbum van die Oranje-Vrystaat*, Bloemfontein, 1954.
- Redelinghuys, J.H.: *Die Afrikaner-Familienaamboek*, Kaapstad, 1954
- Reitz, F.W.: *Outobiografie*. Toegelig deur prof. J.C. Moll met sy Twee en sestig uitgesogte Afrikaanse gedigte. Ingelei deur dr. C.J.S.C. Burger, Tafelberg, 1978.
- Reitz, H en Oost, H: *Die Nasionale Boek, Johannesburg*, ca 1931
- Rompel-Koopman, L.: *In het Land van Piet Retief*, De Volkstem, Pretoria, 1919
- Suid-Afrikaanse Geslagsregisters, Deel 2, RGN, 1989
- Suid-Afrikaanse Geslagsregisters, Deel 12, GISA, 2005

Schoonees, P.C. (Hoofredakteur): *Die Afrikaanse Woordeboek*, Die Staatsdrukker, 1970

Van der Bijl, J: *Van der Bijl 1667-1967*, A.A. Balkema, 1968.

Letterkundige Bronne

Periodieke Publikasies

African Court Calendar: 1809-1820, 1822-1823 and 1828

Tydskrif en Koerantartikels

Reitz, F.W.: *Boer Stories, How the Boers made a Cannon* (The Cape Monthly Magazine, 1874)

Reitz, F.W.: Ou Gert Houtkanon (Die Huisgenoot, Julie 1918)

Reitz, F.W.: Ou Gert Houtkanon (Die Huisgenoot, 28 November 1941)

Rossouw, A.: Van Alle Kante, Die eerste kanon (*Die Burger*, 1 Januarie 1973)

Provinsiale Argiefbewaarpark, Kaapstad

Weesheer (MOOC)

MOOC 6/9/144 Nr. 9678

MOOC 7/1/71 No. 34

MOOC 7/1/83 Nrs. 46